**8 Oktober**
**Skrifgedeelte: Lukas 22:31-34, 54-62**
**Fokusgedeelte: Dordtse Leerreëls, 5:1**

**Al is jy verlos…**

“Here, ek is gereed om saam met U selfs in die gevangenskap en dood in te gaan.” Hierdie woorde van Petrus (Luk 22:33) is die woorde van ‘n haastige mens. Ná die gevangeneming van Jesus volg hy en Johannes die gevangenemers. In die binneplaas van die hoëpriester se huis kom Petrus se grootste beproewing. Daar moet sy woorde dade word. Deur mense se woorde kry hy drie keer die geleentheid om sy verbondenheid aan die Here te bely. Dit is drie maal dinktyd. Drie maal is hy soos kaf in ‘n sif. Drie maal ontken hy dit wat in sy hart leef. Drie maal verloën hy die Here. Petrus reageer so heftig dat hy gevloek en gesweer het dat Hy die Here nie ken nie. Hier is ‘n weergebore mens wat die ware lewe in Christus ontken. Met die kraai van die haan en die oog van die Here op hom skeur die Heilige Gees sy hart. Hy besef nou hoe hy as mens voor God staan. So gebeur dit ook met ons wanneer ons in die geloof moet reageer en dit nie doen nie, wanneer ons op ons eie krag staatmaak. Jy moet besef dat jy tot niks in staat is sonder die voorbidding van Jesus Christus nie. Jy moet jou weer en weer op die Here se weegskaal weeg. Onder die besef van jou sondige aard moet jy praat, dink en doen. Petrus vlug die nag in met trane van berou op sy wange. Wie staan, moet oppas dat hy nie val nie.
*Ds SD de Kock (Naboomspruit)*